Heiligheid

> **Heb.12:14 –** "*Jaag die vrede na met almal, en die **heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie***..."(OV).

Volgens hierdie vers klink dit asof 'n persoon eers 'n sekere graad van heilgheid moet bereik voordat iemand God kan sien en gered word. So word dit ook in sekere geestelike kringe verkondig. Hierdie siening plaas 'n swaar las op gelowiges wat so glo, want daar bestaan maar altyd 'n onderliggende onsekerheid of hulle genoeg gedoen het in terme van heiligheid om God aan die einde van hulle lewe te kan sien. Hierdie siening dat 'n mens eers 'n sekere standaard van heiligheid moet najaag en bereik om gered te word weerspreek egter wat in **Efesiërs 2:8-9** verklaar word:

> *"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; **nie uit die werke nie**, sodat niemand mag roem nie."*

Die oënskynlike teenstrydigheid tussen die "heiligheid"wat 'n vereiste is om God te "sien**"(Heb.12:14)** en wat in **Efesiërs 2:8-9** verklaar word, moet verduidelik word. Ek glo dat die teenstrydigheid veroorsaak word deur 'n dubbelsinnige vertaling van die Griekse woord "heiligheid." Gelukkig bestaan daar nog genoeg afskrifte van die oorspronklike Griekse Nuwe Testament wat 'n mens kan raadpleeg om hierdie probleem op te los. Die manier wat **Hebreërs 12:14** gewoonlik vertaal word veroorsaak onnodige spanning en verwarring. Die Griekse woord ***hagiasmos*** in hierdie vers word gewoonlik in Afrikaans met "*heiligmaking"* (OV en 2020V) of *"'n heilige lewe"* (NAV) vertaal. As hierdie vers in isolasie gelees word lyk dit mos asof 'n gelowige eers 'n sekere vlak van heiligheid moet bereik om gered te word. Met hierdie siening in gedagte kan die vraag nou gevra word: Hoeveel heiligheid het ek nodig om God te kan sien? – 50%, 80% of 100%? Die probleem word opgelos deur die betekenis van die Griekse woord *hagiasmos,* wat as *heiligheid* vertaal word, reg te verstaan. **Die konteks** van die boek Hebreërs wat die klem lê op die beginsel van heiligmaking deur 'n offerande, help om die heilgheid waarvan in **Hebreërs 12:14** gepraat word, reg te verstaan: :

> *"Want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers wat die verontreinigdes besprinkel, **heilig maak** tot reiniging van die vlees, **hoeveel te meer sal die bloed van Christus**, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, **julle gewete reinig** van dooie werke om die lewende God te dien"* (**Heb. 9:13-14).**

Die betekenis van h*agiasmos*

> *"Hagiasmos refers not only to the activity of the Holy Spirit in setting man apart unto salvation and transferring him into the ranks of the redeemed, but also to enabling him to be holy...Hagiasmos is similar to dikaiosis, **justification, which denotes not only the act of God's free grace in justifying sinners, but also the result of that justification"*** (The Complete WordStudy Dictionary – New Testament – Spiros Zodhiates, my beklemtoning).

Volgens hierdie verklaring is *hagiasmos* nie 'n proses waardeur iemand moet streef om heilig te raak nie, maar verwys dit na 'n posisie van heiigheid waarin die gelowige hom bevind as gevolg van die heiligheid van Christus wat aan hom toegereken word met wedergeboorte. Die woorde *"jaag...die heiligmaking na"* moet dus verwys na gelowiges wat aangemoedig

word om te **bly glo in die soenverdienste van Jesus Christus** wat hulle in staat sal stel "om God te sien."
Die term *hagiasmos* is dus nie 'n verwysing na 'n sekere graad van heiligheid waarna die gelowige moet steef nie, maar is 'n verwysing na **'n heilige toestand** wat aan die belydende sondaar toegereken word omdat hy of sy die soenoffer van Jesus Christus ter vergifnis van sonde aanvaar het. **Zodhiates** verklaar verder die woord *hagiasmos* so:
"A state of being sanctified, not as process, but the result of a process" waar die **"process"** verwys na die soendood van Jesus op die kruis.
Die basis van 'n sondaar se vergifnis en heilgmaking is nie sy eie werke nie, maar die plaasvervangende soenoffer van Jesus op die kruis:

> *"Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en* ***geregtigheid en heiligmaking en verlossing"*** **(1Kor.1:30**).
>
> *"Want deur een offer het Hy vir altyd* ***volmaak*** *die wat geheilig word"* (**Heb. 10:14).**

In hierdie Skrifgedeeltes sien ons die tweeledige posisie van die gelowige in Christus; Christus se soenoffer maak ons **volmaak** in terme van **ons status** voor die Vader, maar prakties in terme van die vrug van die gees, moet ons meer en meer groei tot volwassenheid **(2 Pet.1:3-9).**
Hebreërs 12:14 is nie 'n aanmaning om te streef na persoonlike heiligmaking om sodoende saligheid te beerwe nie, maar 'n aanmoediging om die geloof in Christus as Saligmaker te behou.
Hoe ons *hagiasmos* in **Hebreërs 12:14** verstaan moet ooreenstem met wat in die hele konteks van die boek **Hebreërs** verkondig word. Ons heiligheid kom nie van ons eie pogings nie, maar word gebaseer op ons geloof in die volbragte werk van Jesus Christus aan die kruis. In die konteks van die Boek Hebreërs waarsku die skrywer gelowiges om nie terug te val na 'n godsdiens wat staatmaak op die dooie werke van die Ou Testament nie (**Heb. 4:14; 6:1, 4–6; 9:14; 10:23).**
As **Hebreërs 12:14** so geinterpreteer word dat dit gebruik word om mense aan te spoor om persoonlike heiligheid na te streef sodat hulle gered kan word en sodoende God te kan sien, sou teenstrydig wees met **Efesiërs 2:8** wat verklaar dat ons alleen deur genade gered word deur geloof in Christus se soenverdienste.
In die volgende gedeeltes uit Hebreërs word die betekenis van *hagiasmos* duidelik. In elke skrifgedeelte kan daar gesien word dat die betekenis gegrond is op die soenverdienste van Jesus Christus op die kruis:
Heb. 2:11 – "*Want* ***Hy wat heilig maak****, sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit Een..."*

Heb. 10:10 – "***Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer*** *van die liggaam van Jesus Christus, net een maal."*

Heb. 10:14 – "***Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word."***

Heb. 10:29 – *"... hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en* ***die bloed van die testament waardeur hy geheilig is****, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?"*

Heb. 13:12 – "*Daarom het Jesus ook, om die volk **deur sy eie bloed te heilig,** buitekant die poort gely."*

Ou Testamentiese skadubeelde en voorbeelde van heiligheid wat verkry was deur salwing maak dit ook duidelik dat *hagiasmos* na 'n oorgeplaaste toestand van heiligheid verwys en nie na 'n persoonlike strewe daarna nie:

Ex. 29:44 – "*So sal Ek dan die tent van samekoms en die altaar **heilig. Ek sal Aäron en sy seuns ook heilig** om vir My die priesteramp te bedien."*

Ex. 30:29-30 – "*So moet jy hulle dan heilig, dat hulle hoogheilig kan wees. Elkeen wat aan hulle raak, word heilig. Jy moet ook Aäron en sy seuns salf en hulle heilig om vir My die priesteramp te bedien".*

Ex. 40:9 – *"Dan moet jy die salfolie neem, en jy moet die tabernakel salf en alles wat daarin is, en **dit heilig** met alles wat daarby behoort; en dit sal heilig wees."*

In die Ou Testament was die doel van die salwing om persone en dinge daar en dan te heilig en opsy te sit vir diens aan die Here:

Lev. 8:10 – "*Toe het Moses die salfolie geneem en die tabernakel en alles wat daarin was, gesalf en **dit geheilig**."*

Die Engelse woord vir "om te heilig" is om te "consecrate." *Longman's Dictionary* verklaar die woord so: "...***to declare as holy...to set apart solemnly for a particular purpose."***

Om op te som:

Die heiligheid waarvan in **Hebreërs 12:14** gepraat word, word verkry deur geloof in die verdienste van Jesus Christus, as die Hoë Priester van ons geloof. In ons praktiese lewe, nadat ons Jesus as Saligmaker aangeneem het, moet ons streef om tot geestelike volwassenheid te groei, nie om gered te word nie, maar om meer vrug te dra:

> *"Sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien...sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur...En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde. Want as hierdie dinge by julle aanwesig is **en toeneem,** dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar...nie; want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet..."* **(2Pet.1:3-12).**

Ons strewe na geestelike volwassenheid en 'n heilige lewe is 'n uitvloeisel van die werking van die Heilige Gees wat met wedergeboorte sy inwoning by ons kom maak het.

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
nickmaartens@hotmail.com